

# JEUGLES: Gawes van die Heilige Gees - Weet Gawes

## 1. Praise en Worship

## 2. YSBREKER: Bybelse Kopkrappers

Elke groep kry blaai met die kopkrappers op wat hulle die antwoorde moet kry. As almal klaar die antwoorde gekry het kyk ons watter groep het als reg.

## 3. INLEIDING:

Ons gesels vanaand verder oor die Gawes van die Heilige Gees. Ons het nou al gesels oor die Doen Gawes en Spreek Gawes.

Vanaand gaan ons gesels oor **WEET GAWES** wat bestaan uit:-

- Woord van kennis - gaan oor dinge wat reeds gebeur het
- Woord van wysheid - gaan oor dinge wat nog moet gebeur
- Onderskeiding van geeste

Met die ysbreker kon julle met goeie Bybelkennis redelik goed gedoen het, maar hierdie Weet Gawes waaroor ons vanaand gaan gesels werk nie dieselfde nie. Dus nie dinge wat jy deur kop kennis gaan hê nie en dit maak nie saak hoe hard en hoeveel jy leer nie, die Weet Gawes kan jy nie aanleer nie dus net God wat dit bonatuurlik aan jou kan gee en openbaar. Kom ons gaan kyk nou na elkeen:

## 4. GROEPWERK: Woord van Kennis

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan 'n definisie skryf vir die Woord van Kennis na aanleiding wat julle nou gaan lees.

### **Handeling 5:1-11** [verkort net sekere verse uitgehaal]

Maar daar was 'n 'n sekere man, Ananias, en sy vrou, Saffira. Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprijs vir hulleself agtergehou en net 'n gedeelte daarvan vir die apostels gegee. Petrus sê toe vir hom: "Ananias, hoekom het jy jou deur Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprijs van die grond vir jouself te hou? Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God." Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval. Omtrent drie uur later het sy vrou daar aangekom, onbewus van wat gebeur het. Petrus vra toe vir haar: "Sê vir my, het julle die grond vir soveel verkoop? Ja sê sy, vir soveel." Toe sê Petrus vir haar: "Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart? Die mense wat jou man begrawe het, is nou net weer by die deur, en hulle sal jou ook uitdra". Sy het onmiddelik voor Petrus dood neergeval.

### **Johannes 4:16-19**

Hy sê toe vir haar: "Gaan roep jou man en kom dan terug hierheen". Die vrou het Hom geantwoord: "Ek het nie 'n man nie". En Jesus sê vir haar: "Dis reg wat jy nou gesê het: "Ek het nie 'n man nie. Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat". Die vrou het vir Hom gesê: "Meneer ek sien dat U 'n profeet is".

## Hulp vir leiers:

Die Heilige Gees help ons met die Gawe om die verborge dinge waarmee mense/satan besig is raak te sien. Dis om iets skielik van 'n persoon te weet wat vir jou onmoonlik was om te kon weet. Dit kan iets wees wat 'n persoon dalk gedoen het, iets wat hulle dink of die toestand van sy hart. Dus net God wat dit aan jou kan openbaar. **Onthou dat die Gawe altyd iets sal wees wat in die verlede gebeur het.**

## **GEE VOORBEELD**

### **5. GROEPWERK: Woord van wysheid.**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan'n definisie skryf vir die Woord van Wysheid na aanleiding wat julle nou gaan lees.

#### **Genesis 41:15-37**[verkort net sekere verse gebruik]

Die verhaal gaan oor Farao wat 'n droom gehad het en hy wou weet wat die droom beteken het. Hy het al sy slim mense en waarsêers gevra om die droom vir hom uit te lê maar niemand kon nie. Vers 15 sê Farao vir Josef, "Ek het van jou gehoor, jy lê'n droom uit as jy hom hoor. Josef het vir Farao gesê: Nie ek nie! God gee dié goeie antwoord vir u". Die droom het gegaan oor die sewe mooi vet koeie wat uit die Nyl rivier gekom het en net daarna kom daar sewe maer, lelke koeie uit die rivier wat die sewe vet mooi koeie opgevreet het. Verder het Farao gedroom van die sewe mooi vol are wat opgeskiet het en toe kom daar sewe droë, skraal are uit wat deur die oostewind verskroei word. Die skraal are sluk toe die sewe mooi are in. Josef vertel toe vir Farao dat die sewe vet koeie en sewe mooi are verwys na sewe jaar van oorfloed vir Egipte. Die sewe maer en sewe droë are verwys na sewe jaar van hongersnood. Vers 28 sê Josef vir Farao: "Dit is wat ek bedoel het toe ek vir u gesê het dat God u laat sien het wat Hy wil doen". So kon Farao toe Egipte red teen die hongersnood want hy het tydens die sewe jaar van oorfloed genoeg kos laat weg sit vir die sewe jaar van hongersnood.

#### **Handeling 21:10-11**

Daar het 'n profeet met die naam Agabus van Judea afkomstig. Hy het na ons toe gekom, Paulus se gordel gevat, sy eie hande en voete daarmee vasgebind en gesê: " So sê die Heilige Gees: Die Jode sal in Jerusalem die eienaar van hierdie gordel net so vasbind en hom aan die heidene uitlewer."

## Hulp vir leiers:

Dit sal iets wees wat die hier en nou of in die toekoms sal gebeur / beïnvloed. Dit is wysheid wat God vir jou sal gee vir die persoon waarmee jy te doen het en dit is beslis nie iets wat jy met boekekennis of ondervinding kan op doen nie. Dit is 'n bonatuurlike wysheid wat God aan jou op daai oomblik sal openbaar/wys.

## **GEE VOORBEELD**

### **6. GROEPWERK: Onderskeiding van Geeste - PPT**

Lees die volgende teksverse in die groep en probeer dan'n definisie skryf vir die Onderskeiding van Geeste wat julle nou gaan lees.

### **Handelinge 16:16-18**[verkort net sekere verse uitgehaal]

Ons het 'n slavin teëgekóm in wie daar 'n waarsêersgees was. Deur waarsêery het sy vir haar eienaars geld verdien. Sy het agter Paulus en ons aangeloop en aanhoudend geskreeu: "Hierdie mense is dienaars van God, hulle vertel vir julle hoe julle gered kan word." Sy het dit baie dae na mekaar gedoen totdat Paulus dit nie langer kon hou nie. Hy het omgedraai en vir die gees gesê: "Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit! Die gees het op dieselfde oomblik uit haar gegaan.

### **Handelinge 8:18-23**[verkort net sekere verse uitgehaal]

Toe Simon sien dat die mense die Gees ontvang as die apostels hulle die hande oplê, het hy hulle geld aangebied en gesê: "Gee my ook hierdie bevoegdheid sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang". Petrus antwoord hom: "Gaan na die verderf met jou geld en al! dink jy, jy kan die gawe van God met geld koop? Jou gesindheid teenoor God is nie reg nie. Bekeer jou van die dwaling en bid tot die Here. Ek sien jy is deur afguns vergiftig en deur sonde verstrik".

### **Hulp vir leiers:**

Weereens is dit 'n bonatuurlike gawe wat van God kom om jou te kan laat onderskei of dit wat gebeur deur God kom of is dit die werking van satan. God gee jou geestelike insig in die geestelike realm om te kan weet watter geeste besig is om te opereer/werk.

### **GEE VOORBEELD**

### **Vraag in groepe:**

Wat dink julle is die doel vir ons as kerk wanneer dit kom by hierdie weet gawes?

### **7. Samevatting:**

Julle het baie dinge vanaand en die afgelope twee weke geleer. Dit mag dalk vir julle baie vreemd en ontmoontlik klink, en of die gawes nie deur julle kan funksioneer nie maar glo my dus waar Hy wil ons gebruik om die geskenke te gebruik om mekaar te bedien, Sy kerk te laat groei en Hom te verheerlik.

### **8. SLUIT AF MET GEBED EN KRY JULLE SELFONE**